http://lexikos.journals.ac.za



**Frans van Niekerk, Joey Basson en Kobus Grobler** (Samestellers). *Wilde Woordeboek.* 1997. 55 pp. ISBN 0 7993 2356 X. Pretoria: J.P. van der Walt. E-pos: jpvdwalt@iafrica.com. Prys R19,95.

Om die *Wilde Woordeboek* van die Hoërskool Richardsbaai aan leksikografiese beginsels te wil toets, sou (ten onregte) wees soos om 'n kaskar met 'n Formule 1 te vergelyk. Soos die opstellers dit immers self stel: "Die ... nuutskeppinge is nie eintlik bedoel om getoets te word ... deur ... ernstige woordeboekmakers nie."

Die vraag ontstaan onmiddellik of die nuutskeppinge wel bestaanbare nuutskeppinge kan wees as hulle in die meeste gevalle buite konteks ondeursigtig is tot op die punt van onverstaanbaarheid. Byvoorbeeld: Wie sou raai dat 'n uitskietpinkie die ekwivalent is van die Engelse "dandy" in 'n sin soos: *Hy is 'n uitskietpinkie*? Of: *Piet is 'n kers by Eskom* ('n "outsider")? Desnieteenstaande beskaam die hoop nie die opstellers dat die soms vindingryke, soms "slim" skeppings so gebruiklik sal word dat hulle aan die gebruiksbeginsel van woordeboeke sal voldoen nie.

Sonder om die eerste paragraaf van hierdie bespreking geweld aan te doen, 'n enkele opmerking oor iets wat nie net woordeboeke nie, maar ook ander woordversamelings raak waar alfabetisering 'n sleutelrol by ontsluiting speel: Die *Wilde Woordeboek* het klaarblyklik nie onder die waaksame oog van groter woordeboekbroers deurgeloop nie. Die volgende inskrywings is alfabeties op die verkeerde plek: **draw**, **hangover**, **rondshunt** (onder S opgeneem), **skip** (behoort voor **ski pants** te kom), **treat**, **trim**, **toyi-toyi**, **werkskepper**. Verder is **inwoner van Gauteng** en **inwoner van KwaZulu-Natal** onder G en K onderskeidelik opgeneem (verstrooi soos in die diaspora?).

Die *Wilde Woordeboek* bied 'n uurtjie se aangename vermaak as 'n mens na vondste soek. Die inskrywings se reikwydte en trefkrag is waarskynlik beperk tot hoogstens groeptaalsprekers — miskien op hoërskoolvlak.

A.F. Prinsloo
Taaladviseur
Radiosondergrense
Aucklandpark
Johannesburg
Republiek van Suid-Afrika

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)